# KINDERKERK LES: 'n Man na God se hart 1

**Doel van les:** Ons gesels vanaand oor die eerste deel van Dawid se lewe.

## 1. YSBREKER

- Ons gaan 'n scavenger hunt hou.
- Elke groep kry 'n lysie van 5 items wat hulle buite moet gaan soek.
- Hierdie items gaan vir julle leidrade wees oor wie ons vanaand gaan praat.

Nadat almal terug is van die scavenger hunt, vra vir hulle of hulle kan raai oor wie julle vanaand gaan praat as hulle so na die items voor hulle kyk.

## 2. INLEIDING

Vanaand gaan ons na 'n man kyk wat baie bekend in die Bybel is. As ek die naam Goliat sê, aan wie dink julle? Dawid natuurlik.

Ons gaan vanaand na die eerste deel van Dawid se lewe kyk tot daar waar hy koning geword het. Ons gaan saam gesels en speel en tussenin gaan ek julle meer van Dawid vertel.

Saul was die heel eerste koning van Israel. Ongelukkig het hy nie geluister na wat God vir hom gesê het te doen nie. God was nie tevrede daarmee nie en Hy het 'n ander koning uitverkies. Kom ons hoor wat met Saul gebeur het en wie die volgende koning sou wees.

**Verhaal: 1 Samuel 16:14-23:**

Die Heilige Gees het van Saul af weggegaan. Toe stuur die Here 'n slegte gees wat vir Saul baie gepla het. Saul se amptenare sê toe vir hom: "Ons kan sien dat 'n slegte gees u pla. Kom ons soek iemand wat mooi op 'n kitaar kan speel. Wanneer u dan weer sleg voel, kan hierdie man op sy kitaar speel. Dan voel u sommer weer beter."

Toe sê Saul: "Kry vir my so iemand." Toe antwoord een van Saul se amptenare: "Isai wat in die dorp Betlehem bly, het 'n seun met die naam Dawid. Hy is 'n baie mooi man en 'n goeie soldaat. Hy speel ook mooi op die kitaar. Die Here help hom regtig altyd met alles."

Toe het Saul vir Dawid laat haal, en Dawid het vir Saul begin werk. Saul het baie van hom gehou. Hy het ook vir Dawid gekry om sy wapens vir hom te dra. Toe stuur Saul 'n boodskap na Isai, Dawid se pa en sê: "Ek hou van Dawid. Ek wil hê jou seun moet altyd hier by my werk." Van daardie dag af, elke keer wanneer die slegte gees vir Saul gepla het, het Dawid op sy lier (kitaar) gespeel. Die slegte gees het dan weggegaan. Daarna het Saul sommer dadelik beter gevoel.

Verhaal geneem uit dieBybel@kindersa.co.za, bl.303, Redakteur: Hennie Stander

## 3. GOD KIES VIR DAWID

**Aktiwiteit:** Gee vir elke groep 'n hartjie. Die kinders kry kans om aan die een kant van die hartjie woorde te skryf wat God se hart ongelukkig maak. (bv lieg, steel, stout, boelie, ens) Aan die ander kant skryf hulle woorde wat God se hart gelukkig maak. (Gehoorsaam, eerlik, vriendelik, help ander, ens).

Toe God die volgende koning gekies het, het Hy na iets baie spesiaals gekyk. Hy het gekyk na daardie persoon se hart. God gee om wat in ons harte aangaan en nie hoe ons van buite lyk nie. Kom ons hoor hoe God vir Koning Dawid gekies het.

**Verhaal: 1 Samuel 16**

Dawid pas elke dag sy pa, Isai, se skape op. Dawid is 'n goeie herder. Hy sorg dat die leeus en ander wilde diere nie die skape vang nie. Daar in die veld het Dawid baie tyd om aan die Here te dink. Hy maak vir God liedere en speel hulle op sy harp. Daarvan hou God sommer baie.

Op 'n dag besoek Samuel vir Isai. God het hom gestuur en gesê: "Samuel, jy moet 'n nuwe koning kies, een van Isai se seuns. Saul is 'n slegte koning en doen nie wat Ek sê nie."

Dawid het nog sewe broers. Samuel weet nie wie hy moet kies nie. Al die seuns kom in, maar die een wat God gekies het, is nie daar nie. "Is dit al jou seuns?" vra hy vir Isai.

"Nee," sê Isai. "Dawid pas skape op in die veld."

"Laat haal hom dadelik," sê Samuel.

Toe Dawid die boodskap kry dat Samuel hom laat roep het, hardloop hy vinnig huis toe. Hy wil baie graag hoor wat Samuel van God vertel. Toe Dawid binnekom, sê God vir Samuel: "Dit is die seun wat Ek gekies het. Hy moet die nuwe koning wees."

Toe sê Samuel vir Dawid: "God wil hê jy moet koning word, maar eers wanneer Saul dood is." Samuel het 'n horing vol olie saamgebring en gooi dit oor Dawid uit. Dit beteken Dawid is nou as koning gesalf.

Van toe af het die Gees van God met groot krag in Dawid gewerk.

Verhaal geneem uit Ons eie Kleuterbybel, bl.62-63, Juliana Nothnagel en Johann Strauss

## 4. DAWID EN GOLIAT

**Aktiwiteit:** **Gooi Goliat om:** Dawid het teen Goliat gaan veg met net 'n slingervel en vyf klippies. Maar God was aan Dawid se kant en hy het Goliat gewen. Gee vir elke groep 'n "Goliat" en 'n ping pong balletjie. Laat Goliat so entjie van die groepie staan met die kinders

wat in 'n ry staan. Een vir een kan hulle die ping pong balletjie na Goliat gooi om hom om te gooi. Tel hoeveel maal in een minuut die groep vir Goliat kan omgooi.

**Verhaal: 1 Samuel 17**

Dawid se broers is soldate en hulle maak oorlog teen die Filistyne wat hulle beeste en skape steel. Dawid wil ook gaan veg, maar hy is nog te jonk. Eendag sê sy pa: "Dawid, neem vir jou broers kos en hoor hoe dit met hulle gaan."

Toe Dawid die soldate sien, rek sy oë. Die Filistyne staan aan die een kant, die Israeliete aan die ander kant. Hy sien 'n reus wat 'n Filistyn is nader kom. Sy naam is Goliat en hy skreeu: "Kies 'n man om teen my te veg. As ek wen, is ons baas, maar as hy wen, is julle baas." Goliat sê ook lelike dinge van God.

Die soldate is baie bang, maar Dawid sê: "Waarom is julle bang? Ek sal teen hom veg. God sal my help."

Hulle neem Dawid na koning Saul, maar hy sê: "Jy is net 'n jong seun. Hoe kan jy teen 'n reus veg?"

Toe sê Dawid vir Saul: "Maar ek het al baie dapper dinge gedoen. Ek pas my pa se skape op. Partykeer kom 'n leeu of 'n beer en dan vang hulle 'n lammetjie. Ek hardloop dan agter die wilde dier aan en slaan hom met my kierie dood. So red ek dan die lam uit sy bek. As die leeu of beer my bestorm, gryp ek hom aan die keel en slaan hom dood met my kierie. Dis presies wat ek met hierdie Filistyn sal maak. Hy het mos so 'n groot mond en sê mos slegte dinge van God se soldate. Dieselfde Here wat my help as ek met die wilde diere veg, sal my ook help wanneer ek teen hierdie Filistyn veg." Toe sê Saul vir Dawid: "Goed. Gaan maak so. Mag die Here jou help."

Toe neem hy sy herderstaf en slingervel, tel vyf klippies op en stap na die reus.

Goliat lag toe hy vir Dawid sien. "Jy dink ek is 'n hond wat jy met 'n stok kan wegjaag. Vandag maak ek jou dood."

Dawid sê: "Jy het 'n spies en 'n swaard, maar God sal my help." Hy sit 'n klippie in die slingervel en swaai dit 'n paar keer in die rondte. Die klippie trek deur die lug en tref Goliat tussen die oë. En daar slaan die reus morsdood neer. Toe die Filistyne dit sien, hardloop hulle weg. Die Israeliete is baie bly. Dawid het geglo God sal hom help, en Hy hét ook.

Verhaal geneem uit Ons eie Kleuterbybel, bl. 64-65, Juliana Nothnagel en Johann Strauss

## 5. DAWID EN JONATAN

**Aktiwiteit: Wat is 'n vriend?:** Gebruik die uitdeelstuk met eienskappe wat jy in 'n vriend sal wil hê. Plaas dit in die middel van die groep en lees dit vir die kinders. Vra elkeen om twee eienskappe van dit wat gelees is te noem wat vir hulle belangrik in 'n vriend is.

**Verhaal:**

Koning Saul se seun, Jonatan, het staan en kyk hoedat Dawid vir Goliat verslaan. Niemand anders kon dit regkry nie, en Dawid was nie eers 'n soldaat in Saul se leër nie.

Toe Dawid na Saul toe gebring word, het Jonatan gedink hy is baie dapper. Die twee het groot vriende geword en was baie lief vir mekaar. Jonatan het belowe dat hy altyd vir Dawid soos 'n broer sou wees. Om te wys dat hy dit regtig bedoel, het hy vir Dawid sy mantel, sy swaard, sy boog en sy gordel gegee.

Koning Saul het toe vir Dawid in sy paleis laat bly en hom oor sy soldate aangestel. Die soldate was baie tevrede om Dawid as leier te hê.
Op die dag wat Dawid vir Goliat doodgemaak het, het daar ook iets anders gebeur. Baie vrouens het na Dawid toe gekom en om hom gesing en gedans. Hulle het gesing: "Saul het duisende verslaan, maar Dawid tienduisende!" Hieroor was Saul baie jaloers, en hy het begin om Dawid fyn dop te hou.

Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl.110-111, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

## 6. SAUL PROBEER DAWID VERMOOR

**Aktiwiteit: Beroemde mense:** Skryf 'Popster' op een blaai en 'Sportster' op 'n ander blaai en plak dit teen die muur op. Vra vir die kinders om eers bekende popsterre op te noem en skryf die name op die blaai. Vra dan vir die kinders om bekende sportsterre te noem. Vra daarna vir die kinders hoekom die mense beroemd is?

**Verhaal:**

Saul was jaloers op Dawid toe die vrouens sing dat hy duisende verslaan het, maar Dawid tienduisende. Hy het begin wonder of die volk liewer vir Dawid as koning wou hê. Die volgende dag was Saul baie omgekrap, en Dawid het weer soos altyd vir hom op die lier gespeel sodat hy kon beter voel. Toe gooi Saul skielik sy spies na Dawid om hom te probeer doodmaak, maar Dawid het weggekoes. Saul het weer probeer, maar weer was dit mis. Hierna het die mense nog meer van Dawid gehou, want hy was verstandig in alles wat hy gedoen het. Dit het Saul nog net meer jaloers gemaak.

Saul het vir Dawid belowe dat hy met sy oudste dogter, Merab, mag trou, maar hy laat haar toe trou met 'n ander man. Toe een van Saul se ander dogters, Mikal, vir Dawid liefkry, het

Saul gesê Dawid mag met haar trou, maar hy moes eers 'n honderd Filistyne doodmaak. Dawid en sy soldate het toe 200 Filistyne doodgemaak en daarna is hy en Mikal getroud.

Die mense het nou meer as ooit van Dawid gehou, daarom het Saul gevra Jonatan en nog 'n paar mans moet vir Dawid doodmaak, maar hulle wou nie.

"Dawid het probeer om Pa te help," het Jonatan vir Saul gesê. "Waarom wil Pa hom nou doodmaak?" Toe het Saul 'n ruk lank die plan gelos, maar eendag terwyl Dawid weer vir hom op die lier speel, het hy weer sy spies na Dawid gegooi en hom amper doodgemaak. Toe sê Saul vir sy mense om Dawid die volgende oggend dood te maak. Maar Mikal het van dié plan gehoor en vir Dawid gehelp om in die nag weg te kom.

Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl.112-113, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

Dawid het toe maar so rondgetrek en weggekruip vir Saul. Ek dink dit moes vreeslik vir Dawid gewees het om so te leef. Weet julle dat daar selfs twee kere was wat Dawid vir Saul kon doodmaak? Maar elke keer het Dawid besluit om dit nie te doen nie.

## 7. SAUL STERF

### Verhaal:

Die Israeliete was besig om teen die Filistyne te veg op Gilboaberg en baie Israeliete is daar dood. Die ander het gevlug. Koning Saul en sy seuns het ook probeer om weg te hardloop, maar die Filistyne het hulle gevang en Saul se drie seuns, Jonatan, Abinadab en Malkisua doodgemaak.

Die Filistynse soldate het ook vir koning Saul agtervolg en hom swaar gewond. Toe sê Saul vir sy wapendraer: "Maak my dood sodat die Filistyne my nie in die hande kan kry nie." Die man was bang om sy eie koning dood te maak, toe val Saul op sy eie swaard. Die wapendraer het toe ook op sy swaard geval en gesterf.

Na Saul se dood het Dawid vir die Here gevra of hy na Juda toe moet teruggaan. Toe die Here ja sê, het Dawid vir Hom gevra waarheen hy moes gaan.

"Gaan Hebron toe," het die Here geantwoord.

Die leiers van Juda het toe na Hebron toe gekom en Dawid hulle koning gemaak.

Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, b.l120-123 V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

**Aktiwiteit:** Laat almal in die klas staan van die kind met die grootste skoen grootte tot die kind met die kleinste skoen grootte. Kom ons kyk wie dra die grootste skoen. Wie dra die kleinste?

Toe God 'n koning gekies het, het Hy nie gekyk na die wie die grootste, sterkste of langste persoon was nie. Waarna het God gekyk? Hy het na die hart gekyk. God gee om wat in ons harte aangaan en nie of ons lank of kort, sterk of nie so sterk is nie.

Ek sien julle het nou lekker saamgewerk en 'n goeie prentjie van die eerste deel van Dawid se lewe gekry. Volgende week gaan ons aan met Dawid se verhaal.

Sluit af in groepe met gebed.

**1. Ysbreker: Scavenger hunt**

# 'n Man na God se hart: Scavenger Hunt:

## Instruksies:

Gaan soek iets buite wat jou aan die volgende laat dink:

1. Iets wat julle aan 'n skaapwagter laat dink.
2. Iets wat julle aan 'n koning laat dink.
3. Iets wat vir julle mooi is.
4. 'n Ronde, gladde klippie.
5. Iets in die vorm van 'n hartjie


# 'n Man na God se hart: Scavenger Hunt:

## Instruksies:

Gaan soek iets buite wat jou aan die volgende laat dink:


1. Iets wat julle aan 'n skaapwagter laat dink.
2. Iets wat julle aan 'n koning laat dink.
3. Iets wat vir julle mooi is.
4. 'n Ronde, gladde klippie.
5. Iets in die vorm van 'n hartjie


# 'n Man na God se hart: Scavenger Hunt:

## Instruksies:

Gaan soek iets buite wat jou aan die volgende laat dink:

1. Iets wat julle aan 'n skaapwagter laat dink.
2. Iets wat julle aan 'n koning laat dink.
3. Iets wat vir julle mooi is.
4. 'n Ronde, gladde klippie.
5. Iets in die vorm van 'n hartjie





# Wat is 'n vriend?

Gewild

Baie slim

Vriendelik

Trek die regte klere aan

Ryk

Eerlik

Hou jou geheime

Kan lekker grappe vertel

Baie goed in sport

Luister baie goed

Baie mooi

Liefdevol

Kind van God

Bly jou vriend maak nie saak wat nie